LAERSKOOL BEAUMONT

Liewe Ouers 9 Februarie 2012

Die volgende inligting is vir u aandag:

1. BOLANDER NUUS

Ek het met groot ontsteltenis kennis geneem van ‘n artikel in verlede week se Bolander koerant. Die titel van die artikel was “What example do you set your children? Dit is deur een van ons leerders se ouma geskryf nadat sy tydens ons jaarlikse Interhuis Atletiekbyeenkoms haar ewewig verloor en teen ‘n skuinste afgeval het. Alhoewel sy emosioneel en fisies deur die insident geraak is, het geen enkele volwassene in die nabyheid hulp aangebied of selfs gevra of alles in orde is nie. Sy het dus heel gepas die vraag begin vra watter voorbeeld ons ouers aan ons leerders stel deur hul gebrek aan omgee te toon. Ons leer deur verskeie programme by Beaumont vir ons leerders dat hul moet omgee vir hul medemens en dat hul ander mense moet dien en dit pas perfek by ons skool se leuse, UT PROSIM, om van diens te wees. Kom ons leef as Beaumont-familie elke dag hierdie leuse uit en reik uit na ons medemens. Ek hoop dat die betrokke ouma goed herstel het na haar ongelukkige ervaring.

2. GEBOUE/VERBETERINGS

Die bouprogram is goed op dreef en al die “natwerke” is basies voltooi. Ek is oortuig daarvan dat die voltooide geboue pragtig gaan lyk. Ons is nou in die proses om verf, vloerteëls en ander benodigdhede soos kaste en aansteekborde vir die nuwe klaskamers te kies. Die swembadarea is ook nou voltooi en dit lyk fantasties. Die Grondslagfase Gala is Dinsdag hier aangebied en almal het baie pret gehad!

3. SPORT SPOGHOEKIE

Heelwat byeenkomste is die laaste twee weke by die skool aangebied en die uitslae van sommige hiervan word hieronder genoem:

Beaumont Interhuis Atletiekbyeenkoms

Beaumont het vir die eerste keer die Interhuis Atletiekbyeenkoms tydens die middag en vroegaand aangebied. Dit was ‘n groot sukses en die atlete sowel as die ouers het atletiek van hoogstaande gehalte beleef. Die atlete op die foto het die volgende trofeë verower:

Agterste ry: Tegan O’Grady – Beste Dogters Veldatleet, Arend Stapelberg – Victor Ludorum en Beste Seuns Veldatleet, Rebecca Kaps – Victrix Ludorum, Janneke Turck – Senior Dogters Baanatleet.

Voorste ry: Dalvon Blood – Junior Seuns Baanatleet, Danelle Human – Junior Dogters Baanatleet, Markus Seele – Senior Seuns Baanatleet. Baie geluk aan hierdie atlete! Die Impalas het die trofee gewen as wenspan en die Oribi’s het die geesbeker gewen.

Beaumont Interhuis Swemgala
Die Intermediêre en Senior Fase Interhuis swemgala het verlede week plaasgevind en ons het die geleentheid gehad om ons splinternuwe onderdak pawiljoen in gebruik te neem! Dit was fantasties om al die Gr 4 tot 7-leerders op die pawiljoen te sien sit sonder dat enigiemand in die son hoef te sit. Dit was weereens 'n wonderlike gala en vir die eerste keer kon alle leerders aan die gala deelneem. Dit was 'n groot sukses en ons wil die Oribi's gelukwens met hul oortuigende oorwinning.

Kring 6 Atletiek
Die Kring 6 Atletiekkampioenskappe is verlede Vrydag en Saterdag by Hoërskool Hottentos-Holland aangebied. Twintig skole het aan die kampioenskappe delgeneem en die kompetisie was straf. Baie geluk aan die volgende atlete wat gekwalifiseer het om die Kring 6-span te verteenwoordig wat teen die einde van die maand aan die Metropool-Oos Kampioenskappe gaan deelneem.

Thomas Sickle, Mathew Miles, Taylin Dupont, Jodi Lourens, Tegan O'Grady, Francois Lötter, Melinda Mieny, Arend Stapelberg, Harry Frith, Dinisha Coopoosamy, Dalvon Blood, Jade Southon, Rachel Kaps, Janneke Turck, Rebecca Kaps, Nina Smit, Phillip van Dyk, Lauren Vermaak en Taryn Nisbet.

Avontuurklub
Die Avontuurklub het alreeds vanjaar twee uitstappies onderneem. Ons het op Saterdagoggend, 21 Januarie, ons jaarlikse staptog teen die Helderberg gehad. Dit was 'n pragtige oggend en die ouers en leerders het 'n uitputtende staptog in die berg beleef. Ons het 'n welverdiende ruskans by die kloof geniet waar ons tyd gehad het om die blase op ons voete 'n breuk te gee en ons kon ook vars bergwater drink!

Op Saterdagoggend, 28 Januarie, het 'n groep van 25 Beaumont stappers 'n nog groter berg aangedurf, naamlik Tafelberg! Ons moes alreeds om 07:00 by die kabelkarstasie aanmeld. Dit was die perfekte oggend en na twee ure se moeilike en uitputtende klimmery, het ons die bopunt van Tafelberg bereik. Dit was asemrowend. Baie geluk aan al die stappers wat wel die staptog voltooi het! Nadat ons vir 'n rukkie bo-op die berg rondgestap het, het ons met die kabelkar na die voet van die berg teruggekeer.

Tennis Liga Uitslae

Span	Opponente	Uitslae
O/11 Dogters	vs Somerset College	Beaumont verloor 1-2
O/11 Seuns	vs Somerset College	Beaumont wen 3-0
O/13 Seuns	vs De Hoop	Beaumont wen 5-1
O/13 Dogters	vs Lochnerhof	Beaumont wen 5-1

4. WEBTUISTE NUUS

Akademiese Aangeleenthede – Graad 4 - 7
Ons nooi u uit om ons skool se webtuiste: www.beaumont4u.co.za te besoek vir inligting wat tot u voordeel kan strek. Ons beoog om hierdie gedeelte van die webtuiste op te dateer om sodoende 'n beter vennootskap met u as ouers te vorm. Toetsinligting vir Gr 4-7 sal ook teen die einde van die week op die webtuiste verskyn.

Ouers word ook vriendelik daaraan herinner om hul besonderhede op die webtuiste op te dateer. Dit is noodsaaklik dat u opdateer, aangesien u dan effektief via sms, e-pos en ook die 'school communicator' die nuutste inligting rakende programme en aktiwiteite wat deur die skool aangebied word, kan ontvang. Baie dankie by voorbaat.

5. KUNS EN KULTUUR

Kunsklub

Megan Mol (7 jaar oud in 2011) van die Beaumont Kunsklub, is onlangs as wenner aangewys vir die 7-9 jariges in 'n VSA Internasionale Kunskompetisie vir 'n Omgewingsbewustheidsprogram "Frogs are Green". U kan gerus haar kunswerk in kleur op die webtuiste besigtig (Die meegaande foto is Megan se weninskrywing). **VEELS GELUK, MEGAN, ONS IS SO TROTS OP JOU!**

Verdere Kunsklub nuus

Die volgende Gr 2-leerders, Nadine Wrensch, Megan Mol, Jessica Fair, Clarice Lohan en Clarissa Swart, het ook aan dieselfde kompetisie deelgeneem en baie goeie rekenskap van hulself gegee. Ons is voorwaar baie trots op ons leerders se puik werk onder die bekwame leiding van mev Wortmann, hul kunsonderwyseres. Inskrywings vanuit 22 lande is ontvang vir hierdie kompetisie!

6. ECO NUUS

Herwinning

Die eerste maand van 2012 is oor en verby, en ons hoop dat alles van nou af seepglad sal verloop.

Ons het 'n NUWE INISIATIEF by Beaumont begin, naamlik "E-waste"-insameling. U word vriendelik versoek om elke EERSTE MAANDAG van die maand u "e-waste" skool toe te bring. Wat alles is "e-waste"? Enige ou elektriese artikels bv. rekenaars, skootrekenaars, elektriese kabels, batterye ens. word as "e-waste" beskou. Die eerste "e-waste" verwydering sal dus op Maandag, **5 Maart**, plaasvind. Plaas asseblief al u "e-waste" in 'n aparte sak / kartondoos en bring dit na u gewone herwinningspunt.

7. FIKSHEID EN GENOT KINDER-KINETIKA PROGRAM

Let asseblief daarop dat hierdie program slegs aan Gr R tot 3-leerders aangebied word. Die program is verpligtend en word gedurende skoolure aangebied. Alle navrae rakende betaling moet na 15:30 aan Christa by 072 266 6651 gerig word, of u kan vir mnr. Andre Schillig (Programontwikkelaar) kontak per e-pos: fitandfun@telkomsa.net.

Metode van betaling: Eenmalige betalings word aanbeveel, aangesien dit administratiewe kostes kan verminder. Die rekeningbesonderhede is soos volg:

- **Fitness & Fun**
- **Standard Bank**
- **Cape Gate**
- **032179340 (rekeningnommer)**

Baie belangrik: Slegs u **kind se VOORLETTERS, VAN en SPESIFIEKE GRAAD** (bv. J White 1E3) moet as verwysing gebruik word. U bewys van betaling moet dan per e-pos gestuur word aan: fitandfun@telkomsa.net of u kan dit faks na 086 654 9723. Alle betalings moet teen die einde van die eerste **kwartaal gemaak word**. **'n Addisionele, eenmalige administratiewe fooi van R35,00 sal gehef word op betaling wat na 30 April 2012 ontvang word.**

8. ALGEMENE NUUS

Scouts regoor die wêreld sal op Woensdag 22 Februarie hul stigter, Lord Baden Powell, se verjaarsdag vier. Alle Scouts en Cubs by Beaumont sal op hierdie dag toegelaat word om hul uniform te dra ter ere van hul leier.

9. BELEID T.O.V. VERLORE GOEDERE

Verlore goedere word elke Vrydag uitgesorteer en leerders word via die klasonderwyser/es ingelig indien items gevind is. Die Verlore Goedere kamer (langs die Tegnologiekamer) is Vrydae van 12:45 – 13:15 oop. Merk asseblief alle skoolitems duidelik met u kind se naam en graad sodat leerders ingelig kan word indien items gevind word. Die skool ondersteun Tag-a-Long om hierdie proses te vergemaklik. U kan vir Karin Snyman by 082 925 9988 kontak vir meer inligting.

Kosblikke en handdoeke wat na 'n swemgala of pretdag (bv. Funtasia) agtergelaat word, word gewas en kan by die kombuis afgehaal word gedurende die week waarin die byeenkoms aangebied is. Alle ander verlore items word in die gang buite Bennie se kantoor geplaas totdat dit uitgesorteer kan word. Enige items wat binne twee weke nie afgehaal word nie, sal aan minderbevoorregte kinders geskenk word, aangesien die skool ongelukkig nie die stoorkapasiteit het om dit te hou nie.

10. BELANGRIKE DATUMS

Vrydag 10 Februarie	:	"Sandwich drive"
	:	Valentyn Sokkie O/13 Sporttoer Fondsinsameling
	:	Detensie Graad 4 – 7 ALLEENLIK
Maandag 13 Februarie	:	Bring herwinning tussen 07:30 – 08:00
	:	De Hoop Interskole Swemgala by Beaumont 15:00 – 18:00
Dinsdag 14 Februarie	:	Somer sportfoto's
	:	Netheidsinspeksie
	:	Vergadering vir skakelouers om 13:00 in skoolsaal
	:	ASLA Atletiekbyeenkoms by Hoërskool Strand (na skool)
Donderdag 16 Februarie	:	Dogters Mini Kriekettoernooi by Beaumont (na skool)
	:	Ouers ontvang kennisgewing rakende BL-verkiesing
	:	Beaumont klerebank oop tussen 13:00 – 14:30
	:	Beheerliggaamvergadering om 18:30
Vrydag 17 Februarie	:	Sandwich drive
	:	Benbel Interskole Atletiekbyeenkoms by SWPS (na skool)
	:	Detensie Graad 4 – 7 ALLEENLIK
Saterdag 18 Februarie	:	Benbel Interskole Atletiekbyeenkoms by SWPS
Sondag 19 Februarie	:	Tennisspan vertrek na Sun City Tennistoernooi
Maandag 20 Februarie	:	Bring HERWINNING TUSSEN 07:30 – 08:00
	:	Sun City Tennistoernooi
	:	BOV/BL funksie
Dinsdag 21 Februarie	:	Rhenish A-span gala (na skool)
	:	Sun City Tennistoernooi
	:	Beaumont klerebank oop tussen 13:00 – 14:30
Woensdag 22 Februarie	:	Sun City Tennistoernooi
Donderdag 23 Februarie	:	Sun City Tennistoernooi

Vriendelike groete

Mnr G Reddell
Skoolhoof

14 FEBRUARIE 2012